Afrikaanse Onderwysnetwerk

Veerkragtige en Ratse Onderwysleierskap vir Begeerde Toekomste

Daar is ‘n bekende spreuk in die politiek: moet nooit ‘n goeie krisis vermors nie!

Dit kom daarop neer dat, tydens krisistye die uitdagings en waarde van krisisse raakgesien en erken word deur deeglik toegewyd en deurdag voor te berei vir die ergste nóú! En dit dadelik ook te koppel aan beplanning vir, die soeke na en die skep van begeerde toekomste.

Die Afrikaanse Onderwysnetwerk (AON) (www.aonetwerk.co.za), as dinamiese en toekomsgerigte organisasie, werk tydens die krisis steeds doelgerig daaraan om die ergste van hierdie krisistye te erken en aan te durf en tersefdertyd visionêr en inspirerend te werk aan die skep van die begeerde toekoms.

Die AON het ‘n inspirende visie om wesentlik tot die instandhouding, groei, versterking en ondersteuning van gehalte Afrikaanse moedertaalonderwys in Suid-Afrika by te dra. Die AON doen dit deur die vestiging van ‘n netwerk wat bekwame en toeganklike ondersteuning aan skole, onderwysers en onderwysinstellings bied.

Om die visie te help verwesentlik, werk die AON met snypuntkundigheid en -kundiges saam in mede-skeppende, professionele vennootskappe en netwerke - ook op die gebied van leierskapsontwikkelking.

Die voorkeurvennoot vir die AON se deurlopende professionele leierskapsprogram: “Veerkragtige en ratse onderwysleierskap vir begeerde toekomste” is CiviNovus. CiviNovus (www.civinovus.co.za) is ‘n sosiale onderneming, gelei deur Professor Erwin Schwella en ‘n span uitnemende kuniges, wat met deernis meestal hule bydraes as goedgesinde vrywilligers beskikbaar maak vir welwillendheidswerk.

Die AON en CiviNovus is in ‘n deurlpopende en volgehoue inisiatief as vennote betrokke om ‘n skatkamer van toepaslike en toeganklike onderwysleierskap data, inligting, kennis en wysheid te skep, te bewaar en aan Afrikaanse onderwysleierskap beskikbaar te stel. Dit skatkamer sal as deel van die program “Veerkragtige en ratse onderwysleierskap vir begeerde toekomste” geskep, bewaar, voortdurend vernuwe en versprei word.

Die program sal kundig rondom die volgende temas ge-oes, gepars, gegis en geskep word dan in kanne en kruike vir toeganklike bewaring en aanvulling geberg, gebruik, veredel en versprei word:

- Wysheidsmodule 1: Leierskap in ‘n volatiele, onseker, komplekse en dubbelsinnige wêreld (VUCA- wêreld)
- Wysheidsmodule 2: Lerende leierskap vir sukses deur fokus, denke en dade vir impak
- Wysheidsmodule 3: Meervoudige intelligensie, lerende leierskap en persoonlike meesterskap
- Wysheidsmodule 4: Sisteemdenke en leierskap: vaardighede en vermoëns
- Wysheidsmodule 5: Medeskepping van begeerde toekomste

Die “Veerkragtige en ratse onderwysleierskap vir begeerde toekomste” program word opgebou vanaf kleiner grepe van data, inligting, kennis en wysheid tot omvangryke, maar steeds bruikbare wysheids-hulpbronne aangebied en opgebou binne elke wysheidsmodule as kruike en kanne wat in die

saamgestelde skatkamerkelder geberg word vir gebruik.

Voorbeelde van die verpakkings is:

- Kort wysheidspreuke
- Korter video- en klankgrepe
- Powerpoint-voorleggings
- Inligtingstukke
- Leesstukke
- Gevallestudies
- Meningstukke;
- Kontroverstukke
- Langer videos
- Kursusgidse
- Korter kursusverpakkings
- Effens langer uitvoerende kursusse
- Langer programverpakkings om die programgeheel daar te stel
- Verbindinge aan ander leierskapsontwikkelingsgeleenthede soos genootskappe, ervaringsreise, mentor-en afgrigtingsgeleenthede
- Koppeling aan internasionale en nasionale akademiese en professionele kennissisteme (sien in dié verband die CiviNovus webblad by www.civinovus.co.za en die AON-webblad by www.aonetwerk.co.za